# Boodskap vanaf die BVSA Bestuurspan

Die BVSA bestuurspan wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om ons kliënte 'n gelukkige nuwe jaar gevul met vreugde en geluk toe te wens. Dankie dat u BVSA steeds as u Geregistreerde Rekenmeester en Finansiële Diensverskaffer verkies. Ons verwelkom ook alle nuwe kliënte by BVSA. Dit is vir ons 'n groot voorreg om in die komende jaar saam met u te werk en ons heg waarde aan die besigheidsverhouding wat ons met u onderneming het. Sonder u ondersteuning sou ons firma nie vandag 'n sukses gewees het nie.




Ons beoog om altyd ons kliënte op hoogte te hou van alle gebeure en nuus ontwikkelinge by BVSA. Gedurende die afgelope 12 maande het ons voortgegaan om in ons BVSA span te belê om sodoende verder uit te brei. Ons deel dus graag die volgende opwindende nuus oor ons firma:

- **Menslike Hulpbronne Dienste:** BVSA bied nou 'n volledige reeks strategiese menslike hulpbron dienste aan die publiek.
- **Uitgenhage-tak:** 'n Nuwe BVSA-tak het geopen in Uitenhage.
- **BVSA Regsdienste:** Ons het ons dienste uitgebrei en bied nou 'n omvattende reeks regsdienste en holistiese oplossings aan.
- **BVSA Kommunikasie:** BVSA Kommunikasie is 'n nuwe afdeling van die BVSA Groep wat bemarking oplossings en grafiese ontwerp dienste bied.
- **Handelsmerk verandering:** Ons is amper klaar met ons handelsmerk veranderingsproses, waartydens ons Boshoff Visser se handelsmerk verander en gevestig het as BVSA.
- **BVSA Cloud:** Hierdie departement sal kostes en tyd vir besighede bespaar, terwyl daar gefokus word op die groei van u besigheid. BVSA Cloud sal binnekort wolk gebaseerde rekeningkundige dienste aanbied.

Hou in gedagte dat BVSA altyd hier is om u te help met al u rekeningkundige en finansiële behoeftes. Ons bied ook belasting beplanning en ander belastingdienste aan. Kontak enige BVSA kantoor en ons beantwoord graag enige van u vrae rakende ons diens aanbiedinge.

Ten slotte, ons waardeer u besigheid en sal aanhou poog om die hoogste kwaliteit moontlike diens te lewer. U kan steeds staat maak op deurlopende oop en eerlike kommunikasie van ons kant af. Beste wense van ons almal by BVSA!

*Vriendelike groete,*

*Die BVSA Bestuurspan*




Lees gerus ons nuutste BVSA artikel op bladsy 66 in die Januarie uitgawe van die Agri Kultuur Tydskrif

**Kliek hier**

# BVSA MENSLIKE HULPBRONDIENSTE



Gedurende 2016 het BVSA rekenmeesters besluit om 'n interne sentrale menslike hulpbronne afdeling te vestig. Hierdie afdeling spesialiseer in die implimentering van sekere prosesse om die administrasie rondom personeel makliker en meer effektief te maak. Deur prosesse en dokumentasie te standaardiseer sal eenvormigheid binne enige maatskappy bewerkstellig kan word.

**Dit is ons voorreg om te kan aankondig dat die volgende dienste vanaf Januarie 2018 aan die publiek bekend gestel gaan word wat dan ook die werwing van potensiële personeel sal behels:**

- **Advertering van beskikbare vakatures**
- **Keuring van kandidate & reël van onderhoude**
- **Opstel van aanstellingsbriewe**
- **Hersiening van jaarlikse verhogingsbriewe**
- **Opstel van personeelhandleidings en dissiplinêre kodes**
- **Implementering van evaluasiestelsels**
- **Hantering van betaalstate**


Tyger Forum B, 1st Floor, 53 Willie van Schoor Avenue, Tyger Valley, Bellville, 7530
021 914 9604
toinettew@bvsa.ltd
www.bvsa.ltd